# HOOFSTUK XIV.

## B E R O E P S O N D E R W Y S.

### 1. AGTERGROND.[1]

Omdat die Transvaalse pioniers feitlik sonder uitsondering mense was wat hulle hoofsaaklik op die landbou en die veeteelt toegelê het, was die vraag om ambagsonderwys nie groot nie. Die boer self was besonder vernuftig en deur te doen het hy op doeltreffende wyse aan die eise van sy nering voldoen. Hy het hom oor die algemeen goed behelp en waar die nood gedreig het was daar altoos iemand wat deur natuurlike aanleg en vernuf bystand kon verleen. Op die wyse was die pionierboere 'n selfversorgende en selfstandige gemeenskap. Hierdie leefwyse was egter nie opgewasse teen die eise van 'n industrieel georiënteerde gemeenskap nie.

Die ontdekking van diamante en goud en die regstreekse en onregstreekse vakkundige eise wat dit meegebring het, het nuwe vraagstukke geskep. Die vakkundige opleiding van die gemeenskap het dan ook heelwat later 'n regstreekse behoefte geword.

Reeds in 1892 is daar kragtens Superintendent Mansvelt se Onderwyswet[2] voorsiening gemaak vir ambagsopleiding aan middelbare skole.

Die Sargant Ordonnansie[3] het ewe-eens vir die mynbou-, landbou- en ander tegniese onderwys van blankes en die industriële ontwikkeling van nie-blankes voorsiening gemaak.

1. Raadpleeg ook: Coetzee: Onderwys in Transvaal, 112 tot 113 en 145 tot 153.
2. No. 8 van 1892.
3. Ordonnansie No. 7 van 1903, artikel 1(b).

Die Smutswet van 1907 het voorsiening gemaak vir die oprigting en instandhouding van ambag- of industriële skole, voortsettingsklasse en inrigtinge of klasse vir die opleiding van onderwysers.[4]

Reeds gedurende die jare 1908 tot 1910 het Adamson ingevolge die wetlike voorsiening op 'n meer uitgebreide middelbare onderwys aangedring.[5] Die leerplan moes volgens sy bepalinge wyer en rekbaarder gemaak word, sodat 'n groter verskeidenheid van middelbare onderwys verskaf kon word in beroepskundige, wetenskaplike, tegniese en handelsinrigtings.

'n Belangrike stap in die ontwikkeling van tegniese onderwys was die benoeming van mnr. W.J. Horne[6] as Inspekteur en Organiseerder van Tegniese Onderwys in 1908. Die doel hiervan was om 'n liefde en aanvoeling vir vakonderwys reeds op die voorbereidende sowel as op die middelbare peil aan te kweek.

Opleiding in handearbeid aan dorpskole en uiteindelik ook aan elke sentrale plaasskool het as tegnies-laer bekend gestaan, terwyl die opleiding in die voorgenome tegniese skole in die groter sentra as tegnies-gevorderd bekend gestaan het. In 1908 het die laertegniese onderwys reeds bevredigende vordering getoon en vir die tegnies-gevorderde onderwys was daar 'n industriële skool en weeshuis te Potchefstroom.[7]

Ingevolge die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is die reëling van en beheer oor

---

4. Hoofstuk IV, artikels 23 tot 27.
5. T.O.D. Jaarverslag (i) 1908, 28; (ii) 1909, 34; en (iii) 1910, 73 tot 79.
6. Voorheen lektor in fisika aan die Kaapse Universiteit.
7. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 147.

vakonderwys na heelwat beredenering[8] in die hande van die Provinsiale Administrasies gelaat.

Onder beroepsonderwys[9] word verstaan daardie onderwys wat meer prakties van aard is as die gewone boekgeleerdheid. Daarom word dit ook soms „Praktiese", „Beroepskundige", „Tegniese" of „Spesiale" onderwys genoem en sluit handewerk, nywerheid, ambag, huishoudkunde, handel, voortsettingsklasse en landbou in.

Vanaf 1912[10] het handearbeid as leervak in die gewone skole baie aandag geniet. Te Potchefstroom is 'n industriële skool hoofsaaklik vir weeskinders van beide geslagte opgerig. Soortgelyke inrigtings is later ook te Delagersdrif en Belfast opgerig, terwyl 'n weeshuis onder die sorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk te Langlaagte bestaan het. In 1909 is 'n ambagskool, wat vir dag- en aandklasse voorsiening gemaak het, in Pretoria opgerig en in 1911 en 1920 is soorgelyke skole in Johannesburg en Boksburg onderskeidelik gestig.

Die nuwe leerplan[12] het voorsiening gemaak vir klasonderwys en onderwys in die werkwinkel en het die volgende leervakke ingesluit:

(a) Teoreties-tegnies: Rekene, meetkunde, tegniese wiskunde, tekene, natuurwetenskap, tegniese meganika, warmteleer en elektrisiteit, taal, lettere, geskiedenis en aardrykskunde.

(b) Prakties: Skrynwerk, rytuigwerk, tekenwerk, smidswerk, werktuigkunde, loodgietery en metaalwerk.

Vir huishoudkunde is daar in kooksentra en huishoudskole

8. (i) Konferensie 1911, Pretoria. U.G. 2 - 1912.
(ii) Konferensie te Kaapstad.
9. Coetzee: Onderwys in Transvaal 146.
10. T.O.D. Jaarverslag 1912, 81 tot 84.
11. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 148.
12. "Trades School Courses", 1917.

voorsiening gemaak. In 1913[13] is daar 'n huishoudskool in Johannesburg geopen wat onderrig in kookkuns, wassery, kleremakery, modemakery, hoedemakery, bekleewerk en huisvrouwerk aangebied het. In 1914[14] is voorsiening vir huisnywerheid in Pretoria en in bepaalde distrikte gemaak, terwyl handelsonderwys aan die Troyeville-skool in Johannesburg in 1913 tot die ontstaan van 'n volrangse hoërhandelskool in die Johannesburgse Munisipale Gebou aanleiding gegee het. In 1915[15] is in Pretoria soortgelyke klasse gestig terwyl hierdie inrigting ook as 'n demonstrasieskool vir die plaaslike normaalkollege gedien het. Saam met die hoërhandelskool in Boksburg, was daar dan in Adamson se laaste ampsjare reeds drie hoërhandelskole met 'n handelsmatrikulasie as hul einddoel.

In 1923 het die Direkteur van Onderwys reeds van die stigting van hoërlandbouskole op die groot dorpe en skoolplase op die platteland melding gemaak.[16]

In dieselfde jaar[17] is die eerste Hoër Tegniese Skool in Johannesburg gestig. Hierdie inrigting het die leerlinge 'n meer wetenskaplike en wiskundige opleiding verskaf vir 'n matrikulasie-eksamen wat in die behoeftes van die myne, die stadsrade, die spoorweë en private industriële ondernemings voorsien het.

## 2. BEROEPSONDERWYS VOLGENS ADAMSON.[18]

### (a) Die verhouding tussen opvoeding en beroepskundige doeltreffendheid.

Hoewel baie mense die verhouding tussen

13. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 150.
14. Ibid, 150 tot 151.
15. Ibid, 151.
16. T.O.D. Jaarverslag 1916, 16 tot 25. Raadpleeg ook: Rapport van die Kommissie oor Landbou-onderwys 1922. (U.G. 26, 1922)
17. T.O.D. Jaarverslag 1923, 18.
18. Adamson: The Individual and the Environment, 237 tot 266.

ontwikkelings- en beroepskundige onderwys 'n tergende vraagstuk vind, is dit per slot van rekening tog nie so erg uit die bose nie, want uit die aard van die saak is alle onderwys uiteindelik tog maar beroepskundig. Selfs die felste propagandis van die suiwer dissiplinêre en vormlike dressuur sal moet erken dat sy pogings deur een of ander beroepskundige vèrgesig besiel word.

> "Some final purpose shapes his efforts."[19]

Miskien is dit die glans van die letterkunde, die wetenskap, die kuns, die natuur of selfs die meer praktiese werksaamhede van die lewe, soos die administrasie, die politiek of die kerk, wat vir hom sin en vorm aan die lewe gee. As die ideaal wat lewe aan die dorre bene van roetine gee eerlik ondersoek word, sal dit in een of ander burgerlike aangeleentheid gevind word, want selfs die wêreld van die letterkunde en die kuns bestaan in die gedagtewêreld van die mens. Omdat hy nog bees nog God is, sal die kind nie alleen lewe nie, omdat burgerskap van een of ander aard sy lotsbestemming is. Daar is by almal 'n geroep na een of ander gemeenskaplike sfeer en onderwys is inderwaarheid 'n gesamentlike werksaamheid, of die oogmerke nou stoflik of geestelik is.

> "We cannot think of an education in vacuo."[20]

In die teorie bestaan die gedagte wel dat 'n breë opvoeding ons vir alle vertakkinge van die lewe kan afrig en dat dit dus nie nodig is om ons vir 'n bepaalde beroep of nering voor te berei nie. Hierdie bewering is egter nie heeltemal gegrond nie, want daar is min

---

19. Adamson: The Individual and the Environment, 237.
20. Ibid, 237.

mense wat sonder 'n ideaal deur die lewe kan gaan en in die praktyk bestaan daar nie so iets soos suiwere kulturele onderwys nie. Hierdie feit word deur die huidige kursusse aan ons middelbare skole gestaaf:

> „Dit is waar dat baie hoër-skool-onderwysers, vir akademiese sowel as vir beroepsvakke, hul onderrig op breër oogmerke soos algemene kultuur, burgerskap en karakter afstuur. Ondanks die pogings van sulke onderwysers, is die huidige hoërskool-onderwys blykbaar nie algemeen nie en ook nie beroepsonderwys nie, maar 'n mengsel wat bes beskryf kan word as akademies plus beroeps-georiënteerde onderwys."[21]

Dis die ywer om geldelike gewin wat die beroepswese onnodiglik vereng. Indien die beroep egter nie winsgewend genoeg is nie, dan ding die vakkundige ook nie meer mee nie en tog beteken geldelike gewin nie altyd beroepsbevoegdheid nie.

> "You may have an individual without much soul; but he cannot be conceived without a body."[22]

Dis 'n onbetwisbare feit dat onderwys in die een of ander verhouding tot beroepsdoeltreffendheid moet staan.

In die tyd van Plato is beroepsafrigting hoog geag.[23] Hy het vir bepaalde ampte voorberei. In die dae van Rosseau was die amp as sodanig van minder belang.[24] Tans loop ons gevaar om andermaal in ons onderwys op enge beroepskundigheid af te stuur. Ten gevolge van wetenskaplike ontwikkelings is ons geneig

---

21. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys 1948, 14.
22. Adamson: The Individual and the Environment, 238.
23. (i) Ibid, 239.
    (ii) Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 35.
24. Archer: Rousseau on Education, 176.

om meer materialisties in ons opvattinge te wees. Die mens het 'n middel in plaas van 'n doel geword!

> "It should not be regarded as a very desirable ideal that every man in the nation should be a man of one trade only ....."[25]

Wanneer beroepskundige doeltreffendheid as 'n noodwendige onderwysdoel tog oorweeg moet word, moet daar 'n ewewig tussen die volgende twee uiterstes gevind word:

(i) Dat onderwys nie beroepskundig moet wees nie.

(ii) Dat onderwys eng beroepskundig moet wees.

In die woorde van dr. W. de Vos Malan, Kaaplandse Superintendent-generaal van Onderwys:

> „..... die tyd nader snel wanneer die wagwoord: ‚middelbare onderwys vir almal' verander sal moet word tot ‚die regte onderwys vir almal.'"[26]

In die verband sê die de Villierskommissie:

> „Die oogmerk van die onderwys moet opgevat word in terme van beide die behoeftes van die individu en die eise van die samelewing."[27]

(b) <u>Wat word onder 'n beroep of 'n ambag verstaan</u>.

Almal is dit eens dat die mens op 'n volle lewe geregtig is.

> "Our vocation is to live, and to live means ..... to have full play for all our powers, ..... to have free access to all that we need to enable our powers to function."[28]

Die gemeenskapsorganisasie is volle lewens- en ontwikkelingsgeleenthede aan elkeen van sy lede verskuldig,

---

25. Gide: Political Economy, 158.
26. Toespraak: Kongres van Kaaplandse Onderwysersunie, 1946.
27. Verslag: Tegniese en Beroepsonderwys (1948), 22.
28. Adamson: The Individual and the Environment, 241.

met die voorbehoud dat elkeen 'n sedelike norm moet eerbiedig en naleef en sy medemens nie sy regte en voorregte moet ontneem nie. Dit moet noodwendig 'n verbod meebring en die eise van die sedelike waardes mag nie ontken word nie, terwyl 'n selfsugtige lewe vermy behoort te word. Dis ons plig om ons self te versorg en daardeur ook die gemeenskap te versterk. Die toekoms mag steeds groter eise aan die staat stel en dis die eerste taak van die onderwys om te sorg dat ons sodanig beroepskundig sal wees, dat ons geldelike doeltreffendheid as 'n lewenseis sal nastreef.

Dog 'n lewensbestaan is nie alles nie. Ons wil geen tweespalt tussen werk en ontspanning hê nie, maar ons wil ook nie net tydens die naweke en gedurende vakansies leef nie. Ons werk en ons ontspanning moet die lewe tesame vorm. Ons moet ons werk liefhê en as die werkstoestande ongunstig is moet ons tot die verbetering daarvan bydra. Ons beroep moet in ons werk lê en nie daarbuite nie.

Noudat ons daarteen gewaarsku is om werk en belangstelling nie op 'n kunsmatige wyse te skei nie, kan ons ons begrip van beroepsonderwys so wyd stel dat dit alle praktiese bedrywighede insluit wat verstandig en aantreklik is en wat die kennende,estetiese of sedelike vooruitgang bevorder. Dis die taak van die skool om die weg na werk en ontspanning aan te toon.

> "In other words, schooling, if we look upon it as effect and cause, as shaping and being shaped, should prepare for life as a whole and be the avenue to both work and leisure."[29]

Ons kan 'n verdere vereiste byvoeg: Beroepskundigheid moet eg wees, sodat ons dit na die werksure

29. Adamson: The Individual and the Environment, 243.

nog aangenaam sal vind en nie ons ontspanning in die kroeg, die biljartkamer of die bioskoop sal gaan soek nie, want weldra is die gewoonte gevorm voordat daar 'n geleentheid was om ons beroepsontspanning te ontdek:

> „Wat jongmense in hul vrye tyd doen is nie minder belangrik vir hul ontwikkeling as wat hulle op skool en in die werk doen nie."[30]

(c) Die beloning verbonde aan 'n beroep lok ouers en leerlinge.

Daar is een saak waaroor ons met veiligheid dogmaties kan wees en dit is dat daar steeds 'n verband tussen die skool en die toekomstige beroep moet wees, want dit sal die belangstelling gaande maak, veral in die puberteitsjare. Namate die jongeling ouer word spreek die gedagte aan 'n beroep steeds harder.

> "There is no doubt that one way to make primary pupils keen to go on with schooling and secondary pupils keen to make the most of it, is to let them feel that it is a real participation for a vocation, at longer or shorter range."[31]

Kinders verbly ouers graag met iets wat hulle self gedoen of gemaak het. Dit is immers een van die redes waarom kinders die skool wil verlaat om te gaan werk. Andere word weer leeglopers omdat hulle nie in hul skoolorganisasie nuttig ingespan kon raak nie.

Vir beide laer- en middelbare leerlinge is dit gerade om die toekomstige beroep steeds vroeg in hul lewe voor oë te hou. En hierin moet ouer en kind saamstaan.

Is dit nie miskien net onderwysers wat van suiwer vormlike en dissiplinêre onderwys weet nie en

---

30. Verslag: Tegniese en Beroepsonderwys (1948), 28.
31. Adamson: The Individual and the Environment, 244.

daardeur van die skool 'n doel op sigself maak nie? Dis so maklik vir hulle om te vergeet dat die skool vir die kind en nie die kind vir die skool bestaan nie en dat beide in diens van 'n latere lewensberoep staan.

> „Wat beroepsvoorligting ook al buite die skool mag beteken, behoort dit binne die skool beskou te word as 'n aspek van opvoeding wat in 'n uiters belangrike verhouding staan tot alle ander opvoedingsbedrywighede, 'n aspek van opvoeding waarmee elke onderwyser in mindere of meerdere mate te doen het."[32]

(d) <u>Beroepsonderwys is ook formeel</u>.

Aan die onderwys moet 'n beroepsbetekenis gegee word.

Dis in 'n groot mate 'n vraagstuk van inhoud, van leerstof en werksaamhede, van kennis en vaardigheid wat ons moet bemeester, maar dis nie al nie. Ons kan die saak van 'n meer vormlike kant ook beskou, wanneer dit sal blyk dat dissipline ook onregstreeks vakkundig is. Daar is ten minste hierdie verband tussen die skool en die lewe, dat die kind die lewe ingaan met die vermoë, gewoontes, voorkeure en wilskrag wat hy in die skool of geleer of aangekweek het en leerkragte moet hiervan gebruik maak om betekenis aan die leerlinge se skoolwerk te gee. Die grondbeginsel waarvan die welslae van enige taak of nering afhang is dat 'n arbeidsveld vir die ontwikkeling van die persoonlikheid verskaf moet word. Die volgende drie gesigspunte moet in hierdie verband in ag geneem word: Jy moet kan presteer; jy moet 'n doel kan nastreef; en jy moet 'n ideaal kan verwesenlik. Die opmerking van 'n posmeesteres in 'n klein poskantoortjie vertolk so 'n ideaal:

32. Verslag van Superintendent-generaal van Onderwys, Kaapland, 1945, 49.

> „Ek hou van my werk. Die mense ken my en ek ken hulle. In 'n sekere opsig draai die gemeenskap om my."[33]

(e) <u>'n Ander uiteensetting van die doel</u>.

Die vraag wat sig dus aan ons voordoen is eerstens hoe ons die leerstof moet kies, organiseer en tuisbring, sodat dit die toekomstige beroep op regstreekse wyse beïnvloed en tweedens hoe die nie-vakkundige leervakke ingespan moet word om die beroep verder te help afrond. Eintlik is die doel tweeledig:

> "Adjustment which will enrich the whole life of man while it promotes economic and social efficiency."[34]

'n Noodsaaklike vereiste wat ons voor oë moet hou is dat die lewenseenheid die brandpunt van ons strewe moet wees. Indien dit die geval is sal ons die lewe nie deur middel van beroepe en nerings in 'n klomp kunsmatige vakkies indeel nie, soos die sielkundiges vroeër die vermoëns ingedeel het, om 'n meganiese in plaas van 'n organiese lewenseenheid daar te stel. Die onderwys moet die lewensgeheel bestendig. Onderwys en sosiale hervorming bestaan uit die aard van die saak uit drie universele sfere:[35]

(i) Die gemeenskap waarvan elke deel en lid die belange van die geheel moet bevorder.

(ii) Die enkeling en elke deel van sy liggaam moet sy lewe deur die gesonde funksionering daarvan bevorder.

(iii) Die skool is 'n afgeleide universaliteit en sy werksaamhede moet nie bonte opvoedkundige waardes nastreef nie maar wel die organise lewenseenheid as 'n geheel bevorder.

---

33. Beroepsinligting No. 6. Die Poskantoor, 1.
34. Adamson: The Individual and the Environment, 247.
35. Ibid, 248.

Die verskillende soorte skole van 'n gemeenskap is nie beter of slegter op grond van die inhoud of soort van onderwys wat verskaf word nie maar hulle is beter of slegter omdat hulle goeie of slegte werk doen. Die kernvraag is of die lewe van die kind daardeur verryk word en of dit aanpassing aan die drie lewensordes bevorder.

(f) <u>Beroepsonderwys en die laerskool.</u>[36]

As die beroepskundige strekking van die onderwys vasgestel is, moet daar bepaal word hoe die onderwysinhoud tot hierdie strekking kan bydra deur bepaalde inrigtings en vormlike leervakke en deur die onderrig in hierdie vakke en deur bepaalde werksaamhede.

Gesonde opvoedkundige teorie verg die handhawing van die beginsel van aaneenlopendheid tussen die skool- en die na-skoolse lewe en aanvaar die gevolgtrekking dat alle onderwys vakkundig is en dat die beroepskundige kriteria in breë sin aan alle opvoedkundige prosesse sonder uitsondering toegepas moet word.

> "This means in a general sense the development of the whole man, the physical, the intellectual, and the moral man."[37]

Volgens Adamson is verskillende soorte skole te regverdig omdat hulle 'n verskeidenheid van beroepskundige werksaamhede aanbied, want die bestaan van afsonderlike nerings is 'n ekonomiese waarheid sowel as 'n ekonomiese noodsaaklikheid.

> "..... classification according to ability, native or acquired."[38]

Wanneer leerlinge in afsonderlike groepe geklassifiseer

---

36. Adamson: The Individual and the Environment, 248 tot 252.
37. Dooley: Principles and Methods of Industrial Education, 1.
38. Adamson: The Individual and the Environment, 249.

moet word, moet hulle eerstens volgens hul aanleg en vermoë ingedeel word en tweedens volgens omstandighede wat nie ongedwonge ontwikkeling en afrigting sal strem nie.

Op laerskool en by die voorbereidende onderwys moet die lewensnering as 't ware in vooruitsig gestel word en die onderwys en afrigting moet dit steeds in ag neem.

Dis nogal opmerklik hoe daar gepoog word om laeronderwys 'n nuttigheidsbetekenis te gee, terwyl die middelbare onderwys daarvan probeer wegskram. En tog is dit juis noodsaaklik dat die werksaamhede van die middelbare skool deur die lewenseise bepaal moet word, terwyl laeronderwys meer vormlik moet wees, omdat daar verwag word dat sy produk deur verdere middelbare onderrig gevorm moet word.

Die voorbereidende onderwys moet die vermoë dus ongedwonge laat ontwikkel, sodat dit reeds dan al die grondslae van die latere aanpassing aan die drie werklikheidsordes van natuur, kultuur en sedelikheid kan lê. Selfs in hierdie voorbereidende stadium moet die werk van die laerskool beide teoreties en prakties wees en moet die aanpassingsgedagte steeds in ag geneem word. As dit hier reeds wyselik toegepas word, sal dit ons vrywaar van eienaardighede en uiterstes wat gewoonlik op die hakke van enge beroepskundigheid volg.

Die „three R's", kwelling, voorbarige burgerleer, handearbeid en wat dies meer sy is die lot van diegene wat die belangrikheid van die brandpunt van die lewe uit die oog verloor en 'n kort skoolloopbaan beoog. Gesonde liggaamlike aktiwiteit, die beoefening van hand, oog, oor en die spraakorgane behoort die taak van die

laerskool te wees. Sodra hierdie doel bereik is, moet die laeronderwys gestaak word, want dan is die leerling gretig en ryp vir die vormende kulturele aanpassingsproses. Omdat die laerskool die begeertes van die puberteitsjare in hierdie kritieke ontwikkelingsstadium nie meer kan bevredig nie, moet hy dadelik daaruit verwyder word. Die kinderskoentjies word nou agtergelaat en die puberteitsjare neem die leisels oor. Die snelle ontluiking van sy persoonlikheid vra 'n nuwe omgewing waarin sy intellektuele bedrywighede, sy estetiese aanvoeling en sy sedelike verantwoordelikheid uitgeleef kan word. Die organisasie van die skool moet nou vir hierdie veelsydige ontwikkeling van sy persoonlikheid voorsiening maak.

> "The expanding individuality calls for the ceremony and ritual of transfer."[39]

Ontwikkeling geskied nou van een stadium, die van kindskap, tot 'n ander stadium, die van puberteit. Hy moet die stof van die eerste stadium van sy voete afskud en hy moet die nuwe stadium vormlik betree.

Die laerskool met 'n middelbare afdeling is dus 'n onding en sy mislukking moet aan sy noodhulpsamestelling toegeskryf word.

> "It is as essential that adolescence should have its own atmosphere and institution as that maturity should."[40]

Hoewel 'n haastige voorbereiding nie goedgekeur kan word nie, is dit tog beter as die oorplasing na die middelbare skool liefs vervroeg as vertraag word, want die aaneenlopende aard van die onderwys bring mee dat daar nie 'n onderbreking by die oorplasing ontstaan nie.

---

39. Adamson: The Individual and the Environment, 251.
40. Ibid, 251.

Daar is egter 'n noodwendige wysiging in die oogmerke en atmosfeer van die kindskap en die jeug en hierdie ontwikkeling mag nie vertraag word nie.

> "If time is to be lost at all it had better be lost in the station waiting for the train than after it has gone."[41]

(g) <u>Algemene gedagtes in verband met vakkundige indeling van middelbare skole.</u>[42]

Voordat die verskillende soorte middelbare skole bespreek kan word, moet die moontlike bewysgronde teen spesialisasie, wat by die bespreking van sodanige skole voorgehou kan word, eers oorweeg word.

Uit die bespreking van die taak van die voorbereidende skool was dit ons mening dat hierdie onderwys vry van enige regstreekse beroepskundige neiging behóórt te wees.

> "All-round healthy potentiality should be its aim and purpose."[43]

Dog die blote feit dat daar 'n behoefte aan verskillende soorte middelbare skole is, is bewys dat ons die lewe en die latere beroep in ag neem.

> „Myns insiens is dit in die verlede 'n groot tekort van die skool gewees, dat daar nie in die minste rekening gehou is met die latere lewe en werk van die leerling nie."[44]

Die verskillende soorte middelbare skole moet die weg tot die verskillende beroepe voorberei. Maar nou kan die beswaar geopper word dat dit voorbarige spesialisasie is; dat dit beter sou wees om die beginsel van vermoë-ontwikkeling sonder vakkundige oorwegings te

---

41. Adamson: The Individual and the Environment, 251.
42. Ibid, 252 tot 256.
43. Ibid, 253.
44. Hugo: Resensie: The Individual and the Environment, Die Volkstem. 4 Augustus 1923, 7.

handhaaf; dat groter beroepskundige doeltreffendheid nie noodwendig van verskillende soorte middelbare skole afhanklik is nie.

Hierdie oorwegings berus egter nie op sielkundige grondslag nie, want die moderne opvoedkunde glo nie aan die beginsel van vormlike dissipline nie. Die geheime ontwikkelingskrag waardeur bepaalde leervakke die ontluiking van die vermoë sou bevorder, word ook nie meer aanvaar nie. Hierbenewens is dit ook nie die bedoeling dat 'n eng en bekrompe vakkundige spesialisasie beoog moet word nie, want elke middelbare skool moet slegs in die wydste sin van die woord vakkundig wees.

> „Beroepsonderwys is derhalwe nie die teenoorgestelde van algemene onderwys nie, maar 'n fase van onderwys, waartoe voltydse algemene onderwys noodwendig moet lei."[45]

Op grond hiervan kan ons die vakkundige klassifikasie van skole soos volg aanbeveel:

(i) Die humanistiese groep wat uit die teologie, die letterkunde, die wet, die ekonomie en die politiek moet bestaan.

(ii) Die natuurkundige groep waaronder die medisyne, die ingenieurswese, landbou en vervoer inbegrepe is.

(iii) Die ambags- en handelsgroepe.

Die eerste soort skool beklemtoon die meer esteties-teoretiese, die tweede die meer natuurwetenskaplike en die derde die meer ekonomies-praktiese leervakke.

Dis natuurlik nie die bedoeling dat hierdie drie groepe die enigste moontlike wyse van indeling is nie. As 'n grondslag van bespreking is dit egter omvattend genoeg.

---

45. Verslag: Tegniese en Beroepsonderwys (1948), 14.

Daar moet ook nie hiervan afgelei word dat die werk in die skole van 'n universitêre standaard moet wees nie. Al wat beoog word is dat die onderskeie rigtings in die lig van toekoms- en beroepsaanpassing die aandag moet geniet en dat daar rekening met die aaneenlopendheid van die opvoeding gehou moet word.

Die skole sal bepaald 'n groot taak agter die rug hê as hulle leerlinge kan oplewer met die verlange, die vermoë en die wilskrag om verder selfstandig vooruit te beur, as die gemeenskapslewe nie self daarvoor voorsiening kan maak nie. In hierdie verband moet onthou word dat dit nie slegs die taak van die voorbereidende skool moet wees om aaneenlopendheid te handhaaf nie, want die lewe is 'n gedurige en vooruitstrewende aanpassing. Dis van belang dat al die skole hiervan moet kennis dra.

'n Ooreenstemmende kenmerk van die drie groepe skole is dat taal en letterkunde onderrig moet word, sowel as natuur- en wiskundige wetenskappe, en geskiedenis in soverre dit betrekking het op maatskaplike verhoudinge en verpligtinge. Hierdie ooreenkoms is noodsaaklik, omdat al drie soorte skole vir die lewe moet voorberei, want die mens se gemeenskaplike erfenis is aanpassing aan sy omgewing. Elke groep het wel sy eie werksaamhede maar hierdie verskille moet op grond van 'n gemeenskaplike agtergrond bestaan. Waar hierdie middelbare skole dus hul eiesoortigheid moet handhaaf, moet hul ook 'n enersheid deur bogenoemde leervakke toon. Vir aanpassing aan die drie lewensordes is taal en letterkunde, die natuur- en wiskundige wetenskappe en geskiedenis beslis noodsaaklik.

> "In addition every school should be a training ground, through its routine and atmosphere, for social and moral progress."[46]

Hierdie gemeenskaplike kenmerke is in die geval van alle middelbare skole noodsaaklik om aanpassing te bevorder en in díe sin moet hul dus vakkundig wees.

(h) Indeling van middelbare skole.[47]

(i) Die humanistiese.

Die leergange van hierdie soort skole moet duidelik uiteengesit word. Omdat hulle die verhoudinge van mense in die gemeenskap beoog, moet daar uit die aard van die saak uit die letterkunde, die bewaarplek van menslike prestasies, geput word. Benewens die moedertaal moet een klassieke taal, terwille van die humanistiese inhoud en kunsvorm, by die leergang ingesluit word. Hierdie letterkundige bronne sal lig werp op die menslike vraagstukke wat in noue verband met die leerlinge se latere beroepe staan.

Beroepe soos die van letterkundiges, wetslui, politici en predikante is ook in 'n mate beroepskundig. By die huistaal moet nog een moderne taal en sy letterkunde gevoeg word om internasionale omgang te bevorder. Hierbenewens kan die waarde van die letterkunde van die huistaal, klassieke en moderne tale vir estetiese ontwikkeling nie oorskat word nie.

Daar behoort werkwinkels en natuurkundige laboratoria aan hierdie inrigtings verbonde te wees om aanpassing aan die natuurorde, wat die sfeer van die meganiese magte is, te bevorder. Koorsang behoort die aanpassing aan die kultuurorde te bevorder.

---

46. Adamson: The Individual and the Environment, 256.
47. Ibid, 256 tot 265.

(ii) Die natuurkundige.

Hierdie groep vind sy brandpunt in die natuurorde en moet op grond van 'n wetenskaplike aard uitgeken word. Die eerste lewensorde is inderwaarheid 'n middel, die tweede 'n doel, terwyl beide hul eintlike betekenis in die derde, die sedelike, vind.

In die stadium moet die inspanning van die natuurkragte terwille van die mens se gerief heel toevallig geskied. Dit moet eers in die universitêre stadium hoofsaak word. Maar dit moet voorafgegaan word deur 'n ondersoek van die natuurverskynsels en -wette. In hierdie ondersoek moet die organiese sowel as die anorganiese wetenskappe ingesluit word. Medisyne, ingenieurswese, landbou en vervoer is afdelings van die wetenskap wat in die verband bepaalde sosiale implikasies inhou. Dit sal egter waardeloos wees om hierdie wetenskappe anders as in die lig van menslike behoeftes te bestudeer. Die leerplan moet benewens die huistaal ook Frans, Duits, wiskunde as ondergeskikte deel van die natuurwetenskappe en laboratoriumwerk, werkwinkels, tegniese tekenwerk, koorsang en ekonomiese geskiedenis insluit.

(iii) Die ambags- en handelskole.

Hierdie soort skole eis 'n doeltreffende organisasie omdat 'n eng vakkundige neiging hier maklik kan insluip.

'n Ambagskool vir seuns kan as 'n tipiese voorbeeld van die ambags-handelsgroep geneem word, want wat hiervan waar is, is ook waar van die handel- en huishoudskool. Dis duidelik dat die leergang uit ambagsvakke moet bestaan en toekomstige nerings moet beoog.

Dis van die allergrootste belang dat hierdie praktiese werk sin en betekenis moet kry slegs wanneer dit saam met die werk in die daarbybehorende klaskamer gedoen word, want die seun sal heeldag in die werkwinkel wil deurbring omdat die gereedskap en die masjienerie hom sal bekoor. En dis juis in hierdie verband dat die vèrsiende opvoedkundige op die toneel moet verskyn. Hy weet dat die bekoring van gereedskap en masjienerie sonder 'n wetenskaplike grondslag mettertyd vervelig sal raak, wanneer die nuwigheid daarvan vervaag. Die seun moet dus na beide die klaskamer en die laboratorium geneem word.

> "Sound educational guidance is an essential preliminary to sound vocational guidance."[48]

Hy moet nie slegs meganiese bedrewenheid maar ook verstandelike insig verwerf. Die ambag moet van eentonigheid gevrywaar word en by die ambagsman moet sosiale en humanistiese belange gewek word. Om die rede is musiekaande, toere, kampe, sportklubs en ander maniere van ontspanning, wat ledige ure nuttig kan vul, baie belangrike bykomstighede in die geval van ambagskole.

Dis noodsaaklik dat die skool die toekomstige ambagsman so sal inlig dat hy ook sal voel dat hy 'n bouer aan die mensdom se eenheidstrewe is.

> "Occupational life includes activities and duties ranging from the simplest to the most complex."[49]

Die handelskole staan voor dieselfde vraagstuk as die ambagsgroep. Ook in die geval bestaan die gevaar dat geldgierigheid die skoolloopbaan sal inkort.

---

48. Malherbe: Educational Adaptations in a Changing Society - J. Kilgour, 254.
49. The Year Book of Education, 1939, F.J. Keller, 722.

> "There is no short cut to vocational guidance."[50]

Snelskrif, tikskrif en kantoorroetine is werk wat jy gou kan aanleer om jou 'n redelike salaris te besorg, maar sonder 'n deeglike algemene opvoeding is jou bevorderingsgeleenthede beperk. Benewens taal, wetenskap en geskiedenis moet die leerplan voorsiening maak vir rekenings, wisselkoers, diskonto en die wette van vraag en aanbod: Dit wil sê: 'n insig in die beginsels van die ekonomie soos dit in hierdie skoolstadium regverdig kan word. Hierby moet ook nog sosiale aanpassing deur middel van sosiale aande, sport, uitstappies, kunsvlyt en dies meer gevoeg word.

(iv) Landbouskole.

Vir hierdie mees natuurlike en menslike beroep is daar nog nie voorsiening gemaak nie, hoewel voorstanders daarvan in Suid-Afrika hulle reeds lank daarvoor beywer het.

> "Agriculture was the industry in which a very large section of the community was interested, and modern conditions made more scientific farming essential."[51]

Die skoolplaas kan 'n aanvulling van die beroepskool wees. Vanuit die voorbereidende laerskool kan die toekomstige boer op so 'n skoolplaas geplaas word om eensdeels praktiese werk in verband met ploeg, saai, bou en plant te doen en anderdeels om sy kennis van die natuur te verdiep en te verbreed om wetenskaplike insig te verkry. Maar ook in hierdie stadium moet dit nie uit die oog verloor word nie dat dit die skool se roeping is om

50. Malherbe: Educational Adaptations in a Changing Society - J. Kilgour, 254.
51. McKerron: A History of Education in South Africa, 107.

van elkeen van sy leerlinge 'n mens te maak, alvorens hy daaraan dink om van hom 'n boer te maak.

Die leerplan van die skoolplaas moet dan benewens die gemeenskaplike vakke van die ander soorte skole ook houtwerk, smidswerk, plaasmasjienerie, klaswerk in die laboratoria, sang en bespeling van musiekinstrumente insluit. Die kursus behoort van drie tot vier jaar te duur.

(v) Beroepskole vir meisies.

> "In his choice of an occupation the child may be guided not only by commercial, but also by social motives. Certain types of employment are avoided, because they are considered socially inferior."[52]

Baie wat van die skole vir seuns gesê is, is ook van toepassing op beroepskole vir meisies. Die werk van die humanistiese en natuurkundige groepe moet ingesluit word met dien verstande dat biologie die natuurwetenskappe moet vervang. Hierbenewens moet musiek, teken en skilderwerk ook ingesluit word.

In die beroepskool sal daar veral op die nerings van die vrou toegespits moet word. Hierdie algemene beginsels moet ook van toepassing wees op huishoudskole.

3. ONTWIKKELING ONDER SY LEIDING.

(a) Tegniese skole.

Tegniese onderwys is reeds in 1908 as 'n noodsaaklike onderdeel van die Transvaalse onderwysstelsel aanvaar.

> "The intention is to develop technical education of a primary

52. The Year Book of Education 1939, 115.

> and secondary character as largely as the resources of the Colony will permit."[53]

Dit was die voorneme om die skole op verskeie plekke op te rig[54] en hulle moes ook verskillend van aard wees, sodat hulle aan die industriële eise van die besondere omgewing waarin die skole geleë was, kon voldoen.[55] Die seuns moes 'n driejarige beroepskundige kursus volg, terwyl hul algemene onderwys ook die nodige aandag moes geniet.

In 1909[56] is die eerste tegniese skool in Pretoria geopen. Hierdie skole moes vir die middelbare loopbaan in afsonderlike en daarvoor ingerigte inrigtings voorsiening maak. Dit was juis een rede waarom die werk vertraag is, want dit was 'n duur onderneming.[57] Daarby is hierdie inrigtings aanvanklik nie goed ondersteun nie[58] en Adamson het gemeen dat dit die plig van die staat was om hierdie leerlinge werksvoorkeur in staatsdepartemente soos die spoorweë en die staatsdrukkery te gee.

In 1912[59] is daar 'n tegniese skool in Johannesburg geopen wat, soos die een in Pretoria, vir dag- en aandklasse voorsiening gemaak het. Die oprigting van hierdie inrigting het Adamson verbly omdat hy 'n belangrike plek aan die skole toegeken het. Hulle moes vir die minderbekende beroepe sowel as vir gevorderde tegniese onderwys voorsiening maak.

---

53. T.O.D. Jaarverslag 1908, 19.
54. Ibid 1908, 19.
55. Ibid 1908, 19.
56. Ibid 1908, 20.
57. Ibid 1917, 66.
58. Ibid 1911, 31.
59. Ibid 1912, 84.

> "In a word, the trades school proposes to give its pupils a good start on the road which leads to skilled craftsmanship."[60]

Die feit dat hierdie skole nog ongewild by die gemeenskap was, moet slegs aan onkunde en gebrek aan toekomsblik toegeskryf word. Nogtans is daar met die werk voortgegaan.

> "..... the training will take a youth into the trade workshop with keen eyes, skilled hands, and an intelligence alert of technical details,..... till at last he becomes a master of his craft, a foreman of a workshop, and in his own sphere a leader and a director of men."[61]

Omdat die staatsdepartemente en die myne hierdie skole se produkte nog nie na waarde geskat het nie, was Adamson se standpunt beslis:

> "..... the Provincial Administration will leave no stone unturned until the trades-school course receives fitting recognition."[62]

In 1914 is die kursus in Johannesburg na twee jaar verkort terwyl die kursus in Pretoria nog op drie en 'n halfjaar bly staan het. Hierdie korter kursus moes 'n vroeër leerjongensinskrywing tegemoet kom.

> "A measure of individuality and variety about the two schools will be all to the good."[63]

Die inrigting in Pretoria het studente ook vir 'n tegniese en handelsmatrikulasie opgelei.

Vanaf 1915 het die wind gunstig vir hierdie soort skole begin waai.

> "Perhaps the best testimony to the progress of these schools is the readiness of employers of

---

60. T.O.D. Jaarverslag 1912, 85.
61. Ibid 1912, 86.
62. Ibid 1912, 87.
63. Ibid 1914, 22.

> labour to engage the pupils who have been through the course."[64]

Dit het egter noodsaaklik geword om die keuse van 'n beroep[65] te beheer, aangesien leerlinge geneig was om die elektriese en ingenieurskursusse ten koste van die ander kursusse te kies.

Die aandklasse aan hierdie inrigtings was ook 'n baie belangrike deel van hul werksaamhede. In 1917 was daar in Pretoria 572 en in Johannesburg 213 leerlinge in die aandklasafdelings. In hierdie klasse is sowel tegniese as letterkundige en handelsopleiding verskaf.

In hierdie jaar is daar ook 'n nuwe en uitgebreide leerplan ingevoer. Die opstelling hiervan was grootliks die werk van die organiseerder van tegniese onderwys, mnr. W.J. Horne. Die leerplan is in besonderhede opgestel en wenke en metodes van onderwys is verskaf.

> "The handbook is intended to give a complete outline of the requirements of the trades and of the general and technical training which ought to accompany the trade training."[66]

Die inrigtings het hierna ewe goed gevaar en hul werksaamhede is in 1918 met vier buitemuurse klasse aangevul.[67] Die aandklasse van hierdie inrigtings het in 'n gevoelde behoefte voorsien. Baie leerlinge was weens ekonomiese druk verplig om die skool vroeg in hul lewe te verlaat om vir 'n leerjongenskursus in te skryf. Adamson was bly dat hy op die wyse voorsiening vir hulle kon maak:

---

64. T.O.D. Jaarverslag 1914, 23.
65. Ibid 1917, 66.
66. Ibid 1917, 68.
67. Ibid 1919, 29.

> "These apprentices whose general education is by economic necessity cut short at sixteen should be shown the way to the humanistic studies, literature and history, as well as to the technical ones which have a direct bearing on their craft."[68]

In 1923[69] is hierdie reeks verder deur die opening van die eerste Tegniese Hoërskool in Johannesburg aangevul.

Die ontwikkeling en koers van hierdie skole word reeds in 1920 paslik deur Adamson soos volg saamgevat:

> "They are to be public schools and not factories, to develop intelligent insight into processes and materials as well as manual skill, and - this is the point which needs strong emphasis - they are to keep the man as well as the craftsman steadily in view."[70]

(b) Industriële skole.[71]

Op die skoolraadskonferensie van 1908 het die afgevaardigdes met voorstelle getoon dat hulle sterk ten gunste van industriële opleiding was. Op hierdie konferensie is daar gepleit om een van hierdie skole vir elke distrik en by ontstentenis dáárvan, industriële geriewe aan bestaande middelbare skole.

Hierdie industriële skole moes aan die neringseise van die bepaalde omgewing voldoen en Adamson het die afgevaardigdes verseker dat sy departement besig was om sodanige onderwys te oorweeg.[72]

Die pogings om industriële onderwys aan die Langlaagteweeshuis van die Nederduits Hervormde of

---

68. T.O.D. Jaarverslag 1919, 28.
69. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 153.
70. T.O.D. Jaarverslag 1920, 52.
71. (i) Horne-verslag, T.O.D. Jaarverslag 1912, 185 tot 189.
    (ii) Coetzee: Potchefstroom 1838-1938", 241 tot 242.
72. Adamson: Verklaring van Mosie VI. T.O.D. Jaarverslag 1909, 177.

Gereformeerde Kerk in te voer het nie so goed gevorder nie, want hier was die inrigting hoofsaaklik van die gemeenskap afhanklik vir sy fondse. Adamson was egter tevrede met die vooruitgang en vooruitsigte van industriële onderwys:

> "If the support is forthcoming, there is no reason why the Transvaal should not train a considerable number of the skilled workers it requires."[73]

Die verskil tussen industriële en tegniese onderwys is slegs een van graad, omdat ambagsonderrig in die industriële skool meer empiries, minder gevorderd, en nie so gespesialiseerd is nie. Die leerlinge verwerf hulle kennis hoofsaaklik op 'n wyse wat ooreenkom met die van die vakleerlingskap.

Daar is gedurende 1912 ook verdere uitbreidings aan die inrigting te Langlaagte aangebring, waar met staatsteun voorsiening gemaak is vir ambags- en landbou-onderwys. 'n Ander toevoeging was 'n kursus in pottebakkery aan die pottebakkersbedryf te Olifantsfontein, Pretoria, wat onder toesig van die Provinsiale Administrasie gestaan het.

In 1917 is die Fordsburgse skool tot 'n selfstandige eenheid omskep[74] en dit het voortaan gewone sowel as voorbereidende industriële onderwys verskaf.

> "It must be a self-contained institution for all educational purposes."[75]

In 1917 was die inskrywing van die skool 113 seuns en 107 dogters.

In 1919 is daar ten gevolge van die behoeftes van Oos-Transvaal industriële klasse te Belfast

73. T.O.D. Jaarverslag 1911, 32.
74. Ibid 1917, 69.
75. Ibid 1917, 70.

ingestel.[76] Hier is die seuns in boerdery- en tuinbou-metodes opgelei. Hierdie inrigting het ook aandag aan die sosiale vorming van die seuns geskenk. Later is daar ook 'n inrigting te Delagersdrift verskaf.

In 1921 is die seuns- en dogtersklasse aan die industriële skool te Potchefstroom geskei en die dogters het daarna ook in waswerk en in die maak van lekkergoed opleiding ontvang.[77]

(c) Handelskole.

Handelsonderwys is 'n besonder belangrike onderafdeling van beroepsonderwys en in 1911 is Adamson in staat gestel om handelsklasse vir seuns in te stel.[78] Hiermee het hy dan ook aan die Troyevilleskool, Johannesburg, 'n aanvang gemaak tot tyd en wyl dat 'n selfstandige inrigting beskikbaar sou wees. In 1914 is aan die skool 'n selfstandige status toegestaan en dit is na die ou munisipale geboue oorgeplaas.

> "..... the school has been very successful in the commercial examinations, and its progress seems assured."[79]

In 1915 het die onderwys in handel verder uitgebrei en is voorsiening daarvoor gemaak te Pretoria, Boksburg en Krugersdorp.[80]

Die handelskole het nie slegs 'n tegniese nie, maar ook 'n algemene kursus aangebied, omdat 'n eng vakkundige opleiding nie voorgestaan is nie. Onderrig in geskiedenis, aardrykskunde, rekene, matesis en die twee amptelike tale is verskaf, omdat dit die algemene sowel as die tegniese kursus nuttig aangevul het. Hierdie

---

76. T.O.D. Jaarverslag 1919, 29.
77. Ibid 1921, 23.
78. Ibid 1911, 32.
79. Ibid 1914, 24.
80. Ibid 1915, 19 tot 21.

skole en klasse het inderwaarheid vir die handel beteken wat die ambagskole vir die ambagte beteken het en benewens bogenoemde vakke het die kursus ook vir die meer tegniese vakke soos snelskrif, tikwerk, boekhou, besigheidsmetodes en ekonomiese aangeleenthede voorsiening gemaak.

Hierdie studente was gewild:

> "There is a constant demand for the pupils of the school, who are readily absorbed by financial houses, banks, insurance offices, and commercial firms."[81]

Die aandag van staatsweë aan die soort onderwys kan dus begryp word. Die inrigtings in Johannesburg, Pretoria en Boksburg het voorsiening gemaak vir die handelsmatrikulasie in tikskrif, „shorthand", boekhou, rekenmeesterswerk, ekonomiese geskiedenis, aardrykskunde, die gewone kulturele leervakke en een of ander wetenskaplike leervak.

Die groei van hierdie skole moet grotendeels aan die vraag om praktiese beroepsonderrig toegeskryf word. Die feit dat hierdie skole deur hul handelsmatrikulasie die deur na die universiteite vir die hoër handelsrigtings oopgemaak het, was 'n groot aantrekkingskrag. In 1923 het hierdie skole reeds 'n inskrywing van 1,006 leerlinge gehad.

> "This form of vocational education seems to be increasing in popularity."[82]

(d) <u>Landbouskole</u>.

Op die skoolraadskonferensie van 1908 het afgevaardigdes van die Zoutpansbergse distrik hulle ten gunste van landbou-onderwys uitgespreek. Hierop kon

81. T.O.D. Jaarverslag 1917, 73.
82. Ibid 1923, 43.

Adamson toe meedeel dat sy Departement reeds besig was om in die voege praktiese werk in te voer. Die beginsels waarop hierdie onderwys berus het was dieselfde as die van die latere landbou-onderwys. Hy het dit egter betreur dat geldskaarste die daarstelling van 'n departementele afdeling vir plattelandse onderwys onmoontlik gemaak het.[83]

Die laerskoolleerplan van 1909 vir natuurkennis het onder andere geverg:

> „Het leerplan moet zich aansluiten bij de omgeving."[84]

Daarin is aan die hand gedoen dat natuurkennis in die laerklasse aanskoulik onderrig moes word en dat daar in die hoërafdeling reeds praktiese werk volgens 'n skooltuinskema met proefakkertjies gedoen moes word. Om diensdoende leerkragte hierin aan te moedig is daar 'n vakansiekursus in natuurkennis in 1910 in Pretoria gehou. Adamson het met genoeë daarvan melding gemaak dat die Departement van Landbou 'n bron van steun was.[85]

In 1912 het Adamson egter onrustig begin voel oor hierdie elementêre voorsiening vir landbou-onderwys en hy het met sy „skoolplaas"idee[86] vorendag gekom, wat 'n plaas, werkwinkels, skoolgeboue, koshuise en laboratoria beoog het. Immers sou so 'n inrigting vir die platteland doen wat die tegniese skole vir die stede gedoen het.[87]

(e) <u>Huishoudskole</u>.

In 1911 is toestemming tot die stigting van

---

83. Adamson: Verklaring van Mosie VII: T.O.D. Jaarverslag 1909, 177.
84. Bepalingen voor Lagere ..... en Middelbare Scholen ..... 1909, 47.
85. T.O.D. Jaarverslag 1910, 70 tot 71.
86. Ibid 1912, 90 tot 91.
87. Die eerste skoolplase is eers in 1934/35 gestig. T.O.D. Jaarverslag 1935, 16.

huishoudskole van 'n middelbare peil verkry. Met die werksaamhede is in 1913 aan die Leydsstraatse Hoër Meisieskool in Johannesburg met welslae 'n aanvang gemaak met die opleiding in kookkuns, waswerk, klere- en hoedemakery en gesondheidsleer.

Intussen is die huisnywerheidskool, wat in Pretoria en die omliggende distrikte spin- en weefwerk in die huise aangemoedig het, gesluit omdat die staat van mening was dat die onderneming nie die jaarlikse staatstoelae van £5,000 geregverdig het nie.

Die Johannesburgse skool het sy vlerke egter verder uitgesprei en daar is in 1914 'n aanvang met die opleiding van onderwyseresse in huishoudkunde gemaak, terwyl stoffeerwerk en algemene huishouwerk ook onderrig is. Adamson het baie waarde aan hierdie soort opleiding geheg:

> "Training in domestic science is as important for girls as is industrial or commercial training for boys ..... Efficiency in the home is, however, the common objective ....."88

Hierdie skool het voorsiening gemaak vir leerlinge wat die laerskoolkursus voltooi het, vir getroude vroue en vir die opleiding van onderwyseresse in huishoudkunde. Waar die eerste groep verplig was om vir die volle huishoudkundekursus in te skryf, het die vroue slegs enkele kursusse soos bakkery of kleremakery gevolg. Die opgeleide leerkragte in hierdie soort werk is by die huishoudskole van die Provinsie aangestel. Sodra die personeel en die geld beskikbaar was, sou kookkuns met waswerk, huishouwerk, fisiologie en gesondheidsleer aangevul word. Huishoudskole was immers vir die hele Provinsie noodsaaklik.

88. T.O.D. Jaarverslag 1915, 25.

> "The spread of this most valuable form of training for girls is only a matter of time and means."89

Maar geldskaarste het die ontwikkeling gestrem. Pretoria, die Oosrand en die plattelandse dorpe was nog onversorg en in 1920 het hy herhaal:

> "This subject should be one of the first to receive attention not only on account of its practical importance, but for the excellent training in order, cleanliness, and economy which it affords."90

(f) Handearbeid.

Tegniese onderwys volgens die geldelike draagkrag van die Provinsie is reeds in 1908 aan die laerskole van die dorpe en die sentrale plaasskole ingevoer. In die jaar is daar by 'n groot aantal van hierdie skole 'n aanvang gemaak met houtwerk as skoolvak. Afgesien van die feit dat handearbeid en skooltuinwerk 'n liefde vir die toekomstige beroep moes aankweek, het dit ook groot opvoedkundige waarde gehad.

> "If he has interests for his hands and his eyes, his thoughts will generally take care of themselves."91

Die groot leemte in hierdie vertakking van die onderwys was die tekort aan bevoegde leerkragte. Gewone ambagslui was nie geskik nie en voldoende onderwysers vir handearbeid was eenvoudig nie te vind nie. Die saak is egter opgelos deur die eie en bydraende sentrums wat aangevul is met 'n stelsel van rondreisende leerkragte of selfs gewone klasonderwysers wat houtwerkkursusse op die normaalkolleges gevolg het.

---

89. T.O.D. Jaarverslag 1917, 75.
90. Ibid 1920, 56.
91. Ibid 1910, 71.

Vanaf 1912[92] is hout- en metaalwerk ook in vier middelbare skole ingevoer en werkwinkels is vir die doel by hierdie skole opgerig.

> "There is no doubt in my mind about the value of this manual work in relation to a secondary course."[93]

Dit het in 'n lang gevoelde behoefte in die middelbare skole met hul oorwegend letterkundige strekking voorsien.

Die plaasskole was hierop egter nog 'n ongelukkige uitsondering.[94] Gebrek aan huisvesting, leerkragte en 'n inskrywing wat dit regverdig het, het 'n praktiese skema op die platteland feitlik onmoontlik gemaak. Al wat hier gedoen kon word, was die verskaffing van geringe geriewe. Klasonderwysers, wat so 'n kursus gevolg het, kon op die wyse iets vir die kinders doen.

> "It is to him that it will be necessary to look for the development of the teaching of this subject in the outside centres."[95]

(g) Kookkuns en naaldwerk.

Naaldwerkonderrig is in die gewone laerskole verskaf terwyl kookkuns slegs verskaf is aan daardie skole waar kookkunssentrums was. In die praktyk het dit daarop neergekom dat slegs die Randse en Pretoriase skole hierdie onderrig verskaf het.

> "The desirability of extending this form of practical education does not require to be supported by arguments."[96]

---

92. T.O.D. Jaarverslag 1912, 143.
93. Ibid 1912, 81.
94. Handearbeid sentrums op 'n kaart van Transvaal aangetoon. T.O.D. Jaarverslag 1912, 145.
95. T.O.D. Jaarverslag 1912, 84.
96. Ibid 1917, 76.

Die kursus was ook nie uitgebreid genoeg nie:

> ". . . . . it is desirable that we should extend the area of the teaching so that it includes not only cookery but other domestic science subjects as well."[97]

## 4. BEHEER.

Voor die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika was die tegniese onderwys onder beheer van die Transvaalse regering. In 1910 moes die vraagstuk van die jurisdiksie oor die tegniese, die industriële en die handelsonderwys gereël word. Na beraadslaging[98] is die beheer oor hierdie onderwys aan die Provinsiale Administrasies oorgelaat. Die Adviserende Nasionale Raad wat in 1912 saamgestel[99] is, het die Administrasies van raad bedien oor sake rakende

> „tegniese, industriële en handelsonderwys en onderwys in huishoudkunde of -nywerheid."[100]

Plaaslike beherende rade het die toesig oor die tegniese kolleges gehad en omdat hierdie rade grotendeels uit manne met tegniese kennis bestaan het, het hul veel tot die welvaart van die inrigtings bygedra. Dit was onder andere hul taak om die onderwys moontlik te maak terwyl die leerplanne en reëlings in verband met die onderwys self 'n taak van die Onderwysdepartement was. Adamson het hierdie rade lof toegeswaai vir die werk wat hulle gedoen het:

---

97. T.O.D. Jaarverslag 1917, 76.
98. (a) Konferensie te Pretoria, (U.G. 2 - 1912.)
    (b) Konferensie te Kaapstad: Die 4 Administrateurs van die 4 Provinsies.
99. Samestelling: (i) Die Ondersekretaris van Onderwys.
    (ii) Die vier Direkteurs van Onderwys.
    (iii) Verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse fabrikante, van die geassosieerde Kamers van Koophandel, van die mynbou nywerheid, die S.A. Spoorweë, industriële skole en Armblanke sorg.
100. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 146.

> "..... I should like to record the Department's appreciation of the extraordinary amount of interest and energy which the Governing Bodies of the two Trades Schools have shown."[101]

In Oktober 1925 is 'n samespreking met die Minister van Finansies, die Minister van Onderwys en die Uitvoerende Komitees van die vier provinsies in Durban gehou.[102]

Op hierdie konferensie is besluit dat die Minister van Onderwys vir al die selfstandige skole vir ambagsopleiding verantwoordelik sou wees. Die Uitvoerende Komitee van Transvaal het hierdie voorstel om geldelike redes aanvaar.

Hiermee is die tegniese onderwys met sy onderafdelings dan uit die hande van die Provinsiale Administrasie geneem en word dit nou reeds vir meer as 'n kwarteeu deur die Unieregering beheer.

5. <u>KRITIESE WAARDERING</u>.

Dis nie moeilik om Adamson se gedagtegang in sake vakonderwys te volg nie. Hy beoog vir almal die hoogsmoontlike algemene onderwys. Hierbenewens moet elkeen in die geleentheid gestel word om tot 'n nuttige en bekwame werker sowel as tot 'n goeie mens te ontwikkel.

Hiervoor het hy die laerskool as die voorbereidende inrigting beskou alwaar die instrumentele werk die aandag moes geniet. Reeds hier egter moes die moontlikheid van 'n lewensberoep nie geheel-en-al uit die oog verloor word nie.

Nadat die laerskoolkursus voltooi is, kon die

101. T.O.D. Jaarverslag 1913, 30.
102. Ibid 1924, 6 tot 9.

leerlinge hul middelbare onderwysloopbaan in die een of ander rigting voortsit. Die ambagsonderrig het vir sowel 'n algemene as 'n vakopleiding voorsiening gemaak. As hierdie voorsiening nie voldoende was nie, kon dit nie aan Adamson se optrede toegeskryf word nie aangesien omstandighede en geldelike nood veel daartoe bygedra het.

Wat wel sonder teëspraak gesê kan word, is dat Adamson 'n doel beoog het, en hierdie doel het hy ten uitvoer gebring na gelang van die geldelike draagkrag van die Provinsiale Administrasie. Volgens die de Villiersverslag[103] oor tegniese- en beroepsonderwys wag daar in die verband nog 'n groot taak op die maghebbers.

103. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 1948.